Diskussie

In *Hervormde Teologiese Studies* Jrg 42, 2 en 4, Junie en November 1986, skryf prof. Cilliers Breytenbach oor ***Tradisie-historiese probleme rondom 'versoening' by Paulus*** en ***Probleme rondom die interpretasie van die 'versoeningsuitsprake' by Paulus.***

Na 'n gesprek met B oor die eksegese van Rom 3 : 25 wil ek graag kommentaar lewer op hierdie artikels. Ek het hoe agting vir die teologiese vermoë en ywer van B en hierdie kommentaar word dus nie polemies bedoel nie, maar alleen sodat die teologie beter in diens van die kerk sal staan.

1. B skryf dat 2 Kor 5 : 18 - 21 die *hoofteks* van Paulus is oor versoening (1986a:259). So 'n stelling kan m.i. nie opgaan nie. Wat Paulus bedoel met *versoening* moet eerstens uit die totaal van sy eie geskrifte uitgemaak word. Om sy geskrifte te verstaan moet verder in die tweede plek gelet word op ander NT geskrifte en die OT. Ander gedeeltes van Paulus moet nie in die lig van 'n verklaarde hoofteks uitgelê word nie. Dit lyk of B Rom 3 : 25 in die lig van sy hoofteks, soos hy dit verstaan, geïnterpreteer het.

2. B gaan heeltemal sonder kommentaar die ongewone gebruik van die genitief in *en tō autou haimati* in Rom 3 : 25 verby. Dit is só ongewoon vir Paulus dat hierdie genitief *autou* tussen die lidwoord en die selfstandige naamwoord staan dat onmiddellik na die betekenis daarvan gevra moet word. Reeds in vers 24 gebruik Paulus dit so ongewoon. Hy doen dit wanneer hy een saak skerp teenoor 'n ander wil afgrens – wanneer hy die surrogaat teenoor die ware wil afgrens. So staan die genade wat God skenk teenoor die poging om genade deur wetswerke te verkry. En so staan die bloed van Christus teenoor die bloed van die offer wat op die versoendeksel gesprinkel is. Sonder enige twyfel lê dieselfde tradisie hieraan ten grondslag as aan bv. Heb 9 : 12, 25, 28; 10 : 12 en 13 : 11.

3. Ek stem van harte saam met B dat die dood van Christus nie maar as 'n offer of selfs die hoogste of laaste offer in die eerste plek gesien moet word nie. Sy dood is die totale opheffing van die offerdiens en -kultus. Die analogie tussen die dood van Christus en die offers bestaan wel, maar daar is ook opmerklike verskille juis omdat met die dood van Christus die straf in werklikheid gedra is. Daar is ooreenkoms in die bloed en die dood. Maar waar by die offers God gesien is as die Een aan wie die offer gebring word, is dit hier in Rom 3 : 25 God Self wat die offeraar is. Hy offer Christus. Waar by die offers van die OT 'n sondige mens iets anders offer in sy eie plek, is daar in Rom 3 : 25 geen sprake van nie. Verder is Christus volgens Rom 3 : 25 Self die plek waar God offer. Ons het dus in Rom 3 : 25 aan die een kant die einde van alle offers en aan die ander kant die groot werklikheid wat dit beëindig het. Dis geen wonder dat die taalgebruik hier nog figureer rondom die offerterminologie nie. Sonde-offers was immers ook plaasbekledingsoffers, maar hulle kon nooit werklik die plek van die mens inneem nie. Dit gebeur eers met Jesus. Daar was ook nie sprake van dat God se straf

op offerdiere gekom het nie, maar op Christus wel. In hierdie gedeelte in Romeine staan die straf op die sonde op die voorgrond – *eis endeiksin tēs dikaiosynēs autou* (3 : 25) en *pros tēn endeiksin tēs dikaiosynēs autou* (3 : 26).

4. Dis jammer dat B nie in sy artikels die ander boeke van die NT laat spreek nie. Hy gebruik heelwat gegewens uit die LXX, uit die apokriewe en uit ander buite-bybelse geskrifte. Die feit dat hy nie met Hebreërs (veral), Petrus se geskrifte en Johannes se geskrifte werk nie, laat sy verklaring van Rom 3 : 25 skeef loop. Hierdie geskrifte mag nie buite rekening gelaat word omdat hulle later as Romeine is nie. As ons so 'n standpunt sou inneem, kan ons ook nie Romeine met vroeëre geskrifte vergelyk nie. So ook sou ons 2 Korintiërs nie met vroeëre geskrifte kon vergelyk nie. Ek meen nie dat openbaring teologie uitsluit nie en wil in hierdie verband juis stel dat die teologie van Hebreërs opmerklike ooreenkoms het met Paulus se Romeine. Persoonlik meen ek dat Hebreërs die produk is van Paulus, Lukas en nog iemand.

M. A. Kruger.